'n Antwoord op die argumente van die Moderne "Apostels" en "Profete"

Inleiding

> ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"*** **(2 Tim.3:16).**

Het die Skrif regtig die gesag om te weerlê, om te onderrig en tereg te wys? As dit het, sal dit sekerlik die beginsels en maniere aanwys waarvolgens die Heilige Gees bedieninge gebruik om gelowiges *"...toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus...sodat ons nie meer heen en weer gedryf word deur elke wind van lering nie..."* **(Ef.4:10-14).**

Omdat die Skrif gesaghebbend is, moet sy voorskrifte gebruik word om die uitsprake en manifestasies wat in die bedieninge van sommige moderne "profete" voorkom, te evalueer. Diegene wat in die onbybelse profetiese beweging wat as NAR (New Apostolic Reformation) bekend staan, betrokke is, het 'n paar uitgewerkte antwoorde om diegene te antwoord wat hul praktyke en uitsprake bevraagteken. Hulle argumente moet eers weerlê word voordat enige betekenisvolle bespreking van hul aktiwiteite kan plaasvind. Van die algemeenste argumente wat hulle teen hul kritici gebruik, is die volgende:

1. Jesus het gesê dat jy nie mag oordeel nie .

'n Oppervlakkige lees van **Matt.7:1-5** sal aantoon dat Jesus nie soseer teen beoordeling in die algemeen is nie, maar teen skynheilige beoordeling : *"Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie... Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal."* Hoe erken jy 'n balk in jou eie oog? Hoe weet jy of daar 'n splinter in die oog van jou broeder is?
Jesus wat verklaar dat daar nie geoordeel mag word, lyk of Hy homself weerspreek as Hy in dieselfde skrifgedeelte sê dat dit wél gedoen moet word! – ***"Pasop vir valse profete…Aan hulle vrugte sal julle hulle ken"*** (**Matt.7:15-16).** Hoe anders kan jy 'n valse profeet identifiseer behalwe as om sy uitsprake en profesieë te beoordeel?
Om te oordeel is 'n duidelik Skriftelike opdrag!:
"Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel" **(1 Kor.14:29).**

"Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge..." **(1 Kor.2:15).**

"Beproef alle dinge; behou die goeie" **(1 Thess.5:21).**

"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" **(1 Joh.4:1).**

Dit is elke gelowige se plig om te waarsku as daar van Bybelse waarheid afgedwaal word. Paulus skryf aan Timoteus: *"...weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie.*

Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor...Let op jouself en op die leer... **(2 Tim.4:2-4, 1 Tim.4:16).**

(Sien die volledige artikel Om te Oordeel op die webtuiste: www.nickmaartens.co.za, Anderkant die Geskeurde Voorhangsel)

As onbybelse dinge soos die val van goudstof, dronkenskap in die gees, geskreeu en rukkery, bevraagteken word, word daar dikwels geantwoord:

2. "Moenie God in 'n boks druk nie."

Dieselfde antwoord word gewoonlik gegee as 'n mens jou bekommernis uitspreek deur te sê dat "Ekstasis aanbidding" in Christelike byeenkomste dieselfde lyk as die beswymings wat in heidense godsdiensrituele opgewerk word. Om hierdie toestand te verdedig sal sommige probeer verduidelik: *"God will offend the mind to reveal the heart."* Hierdie stelling kom nêrens in die Skrif voor nie; dit is verdigsel van "Toronto Blessing" propageerder, John Arnott (John Arnott, The Father's Blessing (Orlando: Creation House, 1995).
Wanneer jy dinge wat onskriftuurlik is, bevraagteken, is dit nie 'n kwessie van om God in 'n boks te druk nie, maar 'n kwessie van om Sy Woord ernstig op te neem en "*om nie te dink bo wat geskrywe is nie"* (**1 Kor.4:6**,1975). 'n Nuwer vertaling stel dit so: *"Hou jou binne die perke wat God gestel het."* (1983).
Soos in baie kultiese groepe gebeur dit ook in sommige Christelike kringe dat kritiese denke so ontmoedig word dat onderskeidingsvermoeë afgestomp raak en dat aanbidding 'n sensuele ervaring word. Die Skrif stel dit tog duidelik dat ons deur geloof moet leef en nie deur sensuele ervarings nie (**1 Kor.5:7).**
Rodney Howard-Browne, ook 'n leier in die onbybelse "Lag-en-omval-Toronto Blessing" herlewing, verduidelik:

> *"you can't understand what God is doing in these meetings with an analytical mind. The only way you're going to understand what God is doing is with your heart."*

Wat hy kwytraak word deur die Skrif weerlê wat sê:

> *"Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse... omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, ...**maar verstaan wat die wil van die Here is**"* (**Ef.5:15-17**, my beklemtoning).

3. Hulle beskou kritiek as 'n aanval

Dit is ook 'n algemene veskynsel dat sodra iemand se uitlatings bevraagteken word, hulle dit as vervolging, of erger nog, as 'n aanval van die duiwel beskou. In sy boek, The Final Quest, skryf Rick Joyner byvoorbeeld dat die Here vir hom gesê het dat kritiek "Satan's ultimate deception" is. Nuwe Testamentiese lering stem nie met Rick Joyner en sy kollegas saam dat om hulle te kritiseer dieselfde is as om hulle te vervolg nie (Sien artikel Om te Oordeel op Anderkant die Geskeurde Voorhangsel, www.nickmaartens.co.za.)

4. 'n Algemene beskuldiging: Onenigheid word veroorsaak

Wanneer daar gepoog word om verkeerde lering en valse profesië uit te wys, word die beskuldiging gewoonlik gemaak **dat die eenheid onder gelowiges bedreig word.** Dit is nie waarheid wat onenigheid veroorsaak nie, maar onwaarheid!
Eenheid is belangrik, maar dit moet nie geskied ten koste van die kruisiging van Bybelse waarheid nie.

5. Verkeerde begrip van Nuwe Testamentiese gesag

'n Ander rede hoekom baie valse profete hulle self as onaantasbaar beskou, is hulle verwronge **idee van gesag** wat op verkeerde skrifinterpretasie gefundeer word. Hul geykte *"Raak die gesalfdes van die Here nie aan nie*," 'n aanhaling uit Ps.105:15, is van toepassing op die Ou Testamentiese priesters en profete, en verwys nie na 'n spesiale groep moderne bedieninge nie. As 'n beginsel van hierdie Ou Testamentiese stelling afgelei kan word, moet dit op alle gelowiges van toepassing gemaak word, aangesien die Heilge Gees op almal in Hand.2 uitgestort is. Alle gelowiges is dus gesalfdes van die Here! Dit word bevestig deur wat Johannes in **1 Joh.2:27** skryf:

> *"En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle..."*

Die verkeerde idee van gesag wat by baie godsdienstige leiersfigure gevind word, word bevestig deur wat Bob Yandian in sy boek Decently and in Order – A Guide to New Testament Government, skryf. Hy verklaar dat God een man oor 'n gemeente aanstel wie van Hom moet hoor en wie oor die gemeente moet regeer. Alhoewel hy verklaar dat die boek oor Nuwe Testamentiese gesag gaan, gebruik hy Moses en die konings van Israel in die Ou Testament as voorbeelde om sy idees te staaf!
Een van Jesus se belangrikste uitsprake oor gesag is in skrille kontras met die tradisionele idee daarvan. Sy verduideliking help ons om te verstaan wat Nuwe Testamentiese gesag **nie** moet wees nie! Toe die vrou van Sebedeus vir Jesus vra of haar twee seuns eendag in posisies van gesag aan Sy regter en linkerhand kan sit, was Sy antwoord:

> *"Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees... Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus"* **(Matt.20:25-26, 23:8-10).**

Hierdie uitspraak maak dit duidelik dat gesag in die kerk nie mag lyk soos dít wat in die sekulêre wêreld gevind word nie. Ek glo dat die verering en ontsag wat leiers vandag in die kerk geniet, voortspruit uit 'n vleeslike behoefte om die nabyheid van God op 'n sensuele manier te ervaar.

6. Die argument van "goedheid"

Soms, wanneer die leringe van 'n leraar bevraagteken word, hoor ons: **"maar hy is so goeie, opregte persoon wat so baie doen, hoe kan hy verkeerd wees?"** Opregte gelowiges kan ook mislei word en die idee dat iemand reg moet wees net omdat hy so 'n heilige persoon is,

is ’n misleiding opsigself. Die lewenstyl van ’n persoon is nie genoegsame waarborg vir die geloofwaardigheid van sy leerstellings nie. Dit is lering wat geëvalueer moet word, nie karakter nie. ’n Goeie persoon wat verkeerde doktrine verkondig word makliker geglo en vertrou as iemand met ’n slegte reputasie.

7. “So baie glo dit; almal kan tog nie verkeerd wees nie!”

Jim Jones het 700 mense saam met hom laat gif drink! Die Moslem geloof het miljoene volgelinge; maak dit hulle reg? Die Wóórd bepaal waarheid, nie getalle of meerderheidstem nie.

Slotsom

> ***“En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was*** **(Hand.17:11).**

Nick Maartens
Bloemfontein
08278260
Webtuiste: Anderkant die Geskeurde Voorhangsel, www.nickmaartens.co.za
E-pos: nickmaartens@hotmail.com